

DIE SWART LUIPERD
REEKS
2. Die Mensvreters
van Tsawo
Braam le Roux

# DIE MENSVRETERS VAN TSAWO

*deur*

**BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Die Mensvreters van Tsawo

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe. Hierdie uitgawe is die sewende uitgawe in die reeks.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE MENSVRETERS VAN TSAWO
deur Braam le Roux

ISBN 978-1-928498-61-2

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Die kluisenaar van die Blouberge se vader was ’n grootwildjagter. Op ’n dag verdwyn hy saam met twee van sy handlangers in die digte woude van Oos-Afrika. Sy seun gaan soek na hom en ontdek hom toe reeds half opgevreet deur leeus. In sy een hand het hy skitterende juwele krampagtig vasgehou, onder andere diamante, robyne, opale en saffiere. In sy ander hand het hy ’n briefie vasgehou waarin hy vertel van die legendariese stad van juwele wat hy ontdek het. Hy praat verder daarin van ’n diep gat onder ’n boom wat al die wonderlike juwele bevat asook van reuse swartes met spiese wat die stad bewaak en die mensvreters van Tsawo genoem word.

Sy seun Paul maak dit toe sy lewenstaak om na die legendariese stad te gaan soek en vind dit toe ook twintig jaar later. Hy probeer dit streng geheim hou, maar ’n klomp fortuinsoekers kom wel daarvan te hore en is toe dadelik op sy spoor. Die Swart Luiperd, sy oom en sy dogter word in die kluisenaar se vertroue geneem om hom te help om na die stad van juwele te gaan. Die skurke is kort op hulle hakke en doen alles in hulle vermoë om van die Swart Luiperd ontslae te raak. Hulle kry dit later reg om vir Sonet en die kluisenaar te ontvoer en die keer is dit die Swart Luiperd wat hulle weer meedoënloos agtervolg.

Toe hulle by die stad van juwele uitkom, word hulle skoon oorweldig deur al die skatte wat hulle waarneem. Hulle slu plan is om die beeldskone Sonet te gebruik en haar as bruid vir die koning aan te bied, in ruil vir baie van die skatte. Hulle het egter nie heeltemal rekening gehou met die vernuf van die Swart Luiperd, wat hulle gereken het hulle vroeër doodgemaak het nie. Saam met sy twee mak luiperds en Donker sy perd, het hulle so verassing of twee vir die skurke.

## UITTREKSEL

Blitsvinnig los Leon die greep om die pols van sy teenstander en rol soos ’n tol van hom weg. Die Vlymskerp mes van die aanstormende Gurkha sny deur die lug en tref sy makker met wie die Luiperdman so pas geveg het, in sy bo-arm, net toe hy opstaan. ’n Gil van pyn ontsnap laasgenoemde se lippe. Leon rol teen die bene van die groot frisgeboude Gurkha vas, wat reeds regop staan met sy geweer in sy hand. Hierdie beweging laat die Indiër plat op sy maag oor die Swart Luiperd val.

Leon het skaars tyd om weer op sy voete te kom of die grote storm met die woede van ’n duiwel op hom af. Sy makker kyk ook nie twee maal na sy verwonde maat nie, en snel op die swart gestalte af. Asof sy bene geveer is, wip die Swart Luiperd op, vang ’n oorhangende tak en swaai hom vinnig daarop. ’n Mes seil deur die lug en vang die luiperdmasker skrams.

Die grote gryp na die tak waarop Leon is. Hy kry hom aan sy een arm beet en met ’n magtige ruk probeer hy die Luiperdman van die tak aftrek. Dit voel vir Leon of sy arm uit sy potjie geruk word. Hy klou egter met al sy krag vas en met bomenslike kragsinspanning hamer hy een harde hou met sy voet op die gesig van sy aanvaller. Die Gurkha verslap egter nie sy greep nie. Die ander een is ook al by en begin die boom opklouter met sy mes tussen sy tande vasgebyt. Die Swart Luiperd weet dadelik wat sy plan is. Hy wil op die tak kom en hom dan van agter bykom en so sy rug oopslag met daardie breëlem dolk.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Die Kluisenaar van die Bosse

2. ’n Pyl uit die Donker

3. Dit is die Swart Luiperd

4. Moorddadige Mensvreters

5. Gees van die Bosse

6. Leon Vasgegryp

7. Sy Geheim Ontbloot

8. Toonbeeld van Krag

9. Sewe Lewens

10. Stad van die Mensvreters

11. Wit Vrou vir die Koning

12. Sonet word Vermis

13. Galg Toe

## 2. DIE MENSVRETERS VAN TSAWO

### Hoofstuk 1
### DIE KLUISENAAR VAN DIE BOSSE

Die riete langs die waterkant word stadig weggedruk. ’n Verrimpelde, maar harige hand kom te voorskyn. Dan loer ’n gesig met ’n deurmekaar bos baard tussen die riete deur na die kabbelende rivierwater.

Dit is ’n ouerige man en hy is in vodde geklee. In sy regterhand, waarop die blou are duidelik lê, hou hy ’n blikemmertjie vas. ’n Paar klein, maar wakker oë hou die krokodille noukeurig dop wat aan die oorkant van die rivier in ’n oop kol in die riete lê en bak. Dan sak hy ligvoets die wal af tot by die water. Hy buk en skep die emmertjie vlugtig vol. Skaars raak die emmertjie met ’n metaalagtige klank die stroom of die reusagtige reptiele aan die oorkant is die ene belangstelling. ’n Paar het met hulle anders lompe postuur, die water reeds vinnig ingeseil en afgepeil reg op die beroering wat hulle ore en oë daar anderkant opgevang het.

Maar die harige, vodderige mensfiguur is te gou vir hulle. Hy staan alweer hoog tussen die riete op die wal. Hy ken hierdie skurwe duiwels baie goed. Al die jare alleen in hierdie bosse het hom gebrei en het hom die sintuie van ’n dier gegee.

Nou sluip-loop hy met sy oop emmertjie water deur die riete. Onder die hoë bome langs het hy al self ’n paadjie oopgetrap. Hy gaan teen die helling van die berg uit, reg op ’n steil krans af. Half verskuil tussen die varings, gaap die donker opening van ’n grot. Die opening is net groot genoeg om ’n man na binne te laat sonder dat hy hoef te buk.

Binne is die grot taamlik ruim. Daar agter, in die verste hoek, is ’n paar kaalgevrete bene van wildsbokke. Hier en daar staan ’n paar lendelam kassies. Naby die opening knetter ’n

vuur en die geur van vars wildsvleis vul die lug. In die dak van die grot is ’n ysterhaak waaraan die helfte van ’n bosbok hang. Die verrimpelde, beaarde hand sit die emmertjie water ook op die vuur.

Die broek wat hy aan het, was lank gelede van sterk kakie gemaak. Die hemp het hy van bosbokvelle gemaak, maar hier en daar is dit al in repe geskeur. Hy staar met betraande oë in die vuur, lig sy kop op en laat sy blik gaan oor die rustige landskap wat in die oggendstrale van die son lê. ’n Glimlag plooi skielik om sy mond. Hy het ses jaar lank gesoek, ses jaar lank ’n kluisenaarslewe gelei en nou is sy taak eindelik volbring.

Die “Kluisenaar van die Blouberge” word hy genoem, deur die paar inwoners in die Oos-Afrikaanse dorpie, sowat 120 kilometer van sy grot se tuiste af. Hy kom af en toe by die klein dorpie in die ruie bosse aan, maar nooit bedags nie. As dit donker word sluip hy deur die strate na die winkeltjie waar hy ’n Duitser opklop en sy ammunisie vir sowat twee maande en soms ’n bietjie kruideniersware koop, want om heeldag net wildsvleis te eet word tog te eentonig. In ruil vir hierdie goedere, gooi hy die swaar bondel wildsvelle voor die agterstoep van die winkeltjie neer en stryk dan weer soos ’n spook deur die verlate stofstraatjies na ’n plekkie net buitekant die dorpie, waar sy muilesel en karretjie geduldig wag. Maar hy ry nie dadelik nie. ’n Groot vuur verdryf die ondiere wat dit naby sy skuilplek waag. So wag hy tot die vroeg oggendure.

Voordat hy egter by sy grot skuiling kom, moet hy nog ’n nag in die bosse slaap. Veertien kilometer van sy huisie af, span hy dan sy muilkarretjie uit. Verder kan geen rytuig kom nie, want die bosse is te ruig en die berghange te klipperig. Die ou muil gaan verder rem-rem tot by sy tuiste.

Paul Verhoef het die veld en die eensaamheid van die donker grot leer liefkry. Selfs die bietjie gewerskaf van mense in die dorpie, kilometers van hom af, wek by hom iets onaangenaams...
Maar Paul Verhoef woon nie hier nie, heeltemal afgeslote van die wêreld omdat hy dit verkies nie. Hy is nie 'n soort mal kluisenaar kunstenaar soos die weinige mense wat hom al gesien het, meen nie.
Nee, Paul Verhoef woon hier in kluisenaars eensaamheid omdat hy 'n geheim het om te ontdek en 'n geheim het om te bewaar.
Twintig jaar gelede, toe Paul Verhoef se vader nog geleef het, het die vurige begeerte om die geheim te ontdek by hom vlam gevat. Sy vader was 'n grootwildjagter. Eendag het hy die bosse in gegaan met twee naturelle. Nie een van hulle het ooit weer lewendig terug gekeer nie. Na 'n week het Paul Verhoef op sy beurt die bosse ingegaan om sy vader te gaan soek. Naby hierdie grot het hy hom aangetref, half opgevreet deur die leeus. En dit was nie al nie. In sy regterhand het hy 'n handvol skitterende juwele krampagtig vasgehou. Veelkleurig en asemrowend mooi was die edelstene. Hy het dit nog steeds in sy besit. Die lyk het op sy gesig gelê. Vasgedruk onder sy ander hand was 'n briefie.
"My oë het iets ongeloofliks, iets legendaries, aanskou. Ek skryf hierdie paar woorde omdat ek 'n voorgevoel het dat ek nooit weer uit hierdie bosse sal kom nie. Ek het 'n stad ontdek, 'n verlore stad van juwele. My twee naturelle het agtergebly. My oë het nog nooit so iets aanskou nie... Juwele in 'n diep gat onder 'n boom... robyne, opale, diamante en saffiere. Ek het met gulsige hande daarvan opgeraap. My agterryers ook, maar hulle is...

Paul Verhoef haal weer die verkreukelde, vuil papiertjie te voorskyn. Die woorde is teen hierdie tyd nouliks leesbaar, maar hy ken dit van buite. Die briefie het stomp afgesluit. Naby die lyk het hy ’n bebloede dolk opgetel. Tussen die leeuspore en om die lyk, was diep uitgetrapte kaalvoetspore, groot kaalvoetspore.

Die “Kluisenaar van die Bosse” het sy geheim slegs aan een toevertrou... ’n Afrikanerboer wat hulle gesin altyd goedgesind was. Die boer het hom egter nooit daaraan gesteur nie. Maar nou sal hy. Die vodderige figuur gaan na die lendelam kassie in die een hoek van die grot. Hy haal ’n vel wit papier daaruit. Hy glimlag weer, die glimlag van ’n ontsielde kranksinnige. Hier is die kaart. Nou sal hulle hulle pad na die verlore stad van juwele maklik kan kry. Paul Verhoef weet nou dat sy vader nie aan sinsbegogeling gely het nie en dat die stad van juwele wel bestaan, die verlore stad diep in die hartjie van die oerwoud. Hy, Paul Verhoef, het dit met sy eie oë aanskou. Sy vader se geheim is nou sy geheim.

Die Verlore stad van Juwele! Dit lê êrens in die onbegaanbare, ondeurdringbare oerwoud. In die bosdieptes waar geen mens nog ooit gekom het nie, geen blanke mens nie, behalwe hy, Paul Verhoef en sy Vader.

Na nege jaar van vergeefse gesoek, het hy gister eindelik afgekom op die verlore stad, diep verskuil tussen verwronge oerwoudreuse, bedek met bobbejaantoue en rankplante. En dit word bewaak deur reuse, swart reuse!

Hy het versteen gaan staan en agter een van die dikste bome geskuil. Daar voor hom was ’n beeld wat hom herinner het aan die sfinkse van Egipte. Net so koud en afskrikwekkend, so asof dit half-dier half-mens is, het die gedaante tussen die ruigtes uitgetroon. Neus, oë en ore kon ’n mens nouliks

onderskei. Die rankplante het dit reeds lankal toegegroei. ’n Groot gespikkelde kat het meteens met ’n grommende sprong op die kop van die beeld beland. Toe het ’n byna menslike geluid deur die oerwoud weerklink. Paul Verhoef se hart het in sy keel gebons. Hy het gesien hoe dat die tier ’n groot bobbejaan in sy kloue vasvat.

Hy het sy oë geknip, dit was asof hy gehipnotiseer was. Op die muur van een van die bouvalle wat gelyk het na ’n kasteel, het ’n gespierde swart gedaante, groot en vierkantig verskyn. ’n Assegaai in sy hand het vlymend skerp geblink in die sonlig wat plek-plek deur die blaredak gedring het. Die volgende oomblik het dit swiepend deur die lug getrek en tussen die blaaie van die tier geland.

Op daardie oomblik het die vluginstink vir Paul Verhoef oormeester. Hy het omgedraai in sy spore, maar toe weer dadelik vasgesteek. Geen vyf treë voor hom nie, het daar iets tussen die bosse geblink... juwele, rond gestrooi asof iemand dit daar in aller haas net neergegooi het. Dit het geskitter in die sonlig. Daar het ’n tweestryd in sy binneste ontstaan. Die drang om nader te hardloop, ongeag die gevare wat daar voor mag skuil, het hom amper oorweldig, maar die koue geheimsinnige vrees wat die hele toneel omvou het, het hom genoop om haastig die bosse te verlaat, terug na die veiligheid van sy grottuiste.

More as die son die ooste rooi doop, sal hy oppak en dorp toe gaan en vir Pieter Beukes, die ryk boer, oorreed om ’n ekspedisie na die verlore stad van juwele te stuur.

Vir baie hier in die omtrek, nee vir almal, die Swahili en al die ander swart stamme in hierdie deel van Afrika, was die Verlore Stad niks meer as ’n legende nie. Paul Verhoef het die nag onrustig geslaap en telkens in sy verslete broeksak gevoel of die kaart wat hy self geteken het, nog daar is.

Teen vieruur het hy opgestaan.
Sy hart klop vinniger van opgewondenheid toe hy die dorpie soos ’n mikroskopiese nietigheid tussen die ruie bosse en bome nader. Hy wag onder dieselfde groot koorsboom waar hy soveel jare al op die donkerte gewag het, met sy groot geheim weggesteek in sy sak.
Om agtuur kan hy nie meer wag nie. Soos ’n dief sluip die vodderige kluisenaar die donker in. Hy gaan staan. Iets snaaks is aan die gang. Dit lyk of die dorpie vanaand besonder bedrywig is. Hy gaan staan voor die enigste hotelkroeg, in hierdie tropiese bedompigheid. Hy hoor die mense daarbinne baljaar en lag. Het hulle iets om oor bly te wees? Hy het. Dis nou al nege jaar lank dat hy gereeld verby die swaaideure van hierdie kroeg stap, sonder om binne te gaan, want die groot geheim wat hy wou ontdek, het soos ’n vuur in sy binneste gebrand. Maar nou talm hy. Sal hy nie die sweet gaan afspoel met ’n bietjie koue bier nie? Maar sy vodde?
Hy voel weer in sy sak. Die dokument is nog daar. Sy bebaarde gesig loer triomfantelik om die deur. Die kroeg staan vol mense. Hulle sal wonder watter landloper hier inkom, maar hy voel vanaand groter as ’n koning.
Hy herken vir Pieter Beukes dadelik. Wat sou hy vanaand hier soek, wonder Paul. Hy is nie ’n persoon wat gewoonlik die kroeg besoek nie.
Paul Verhoef, toiingrig maar met ’n stralende gesig, stap pylreguit na sy maat, die een wat weet waarom hy so lank in die bosse gebly het. Sy hand soek-soek na die papier waarop hy die roete geteken het, die roete na rykdom, na rus en na weelde.
Maar Pieter Beukes maak asof hy hom glad nie raaksien nie. Hy kyk ander pad. Paul laat hom egter nie keer nie.

"Pieter, ek het eindelik die pad gekry, ek het eindelik op die skatte afgekom," fluister hy saggies aan Beukes, 'n man met 'n mooi versorgde bokbaardjie, gespierde arms, en flitsende blou oë.

"Sjuut, Paul. Bly stil en gaan om Vadersnaam dadelik na buite voordat hulle jou sien."

Hy aarsel oorbluf, maar die ander persone wat daar om die kroegtafel saamgedrom staan, het hom reeds gesien. In 'n oomblik het die brommende stemme geswyg en hulle het almal na hom gekyk.

Iemand het opgemerk.

"Is dit nie die kluisenaar, die mal kluisenaar van wie julle so flussies gepraat het nie?"

'n Kort verpotte mannetjie, die Duitse Jood wat altyd Paul se velle geneem het, in ruil vir ammunisie sê.

"Ja, dit is hy."

'n Groot man met 'n weglê-snor en 'n harde uitdrukking op sy gesig, sit sy glas bier voor hom op die toonbank neer en nader die verskrikte Paul Verhoef met 'n kragtige tred.

"Ek verstaan u is bereid om ons inligting te verskaf in verband met die stad, die verlore stad in die oerwoud?"

'n Groot vrees oorweldig skielik vir Paul Verhoef. Hoe weet hulle van die stad? Almal het dan gemeen dat die plek net in legendes bestaan.

Na al die jare se soek is sy senuwees skoon afgetakel. 'n Oomblik lank is hy skoon van stryk gebring. Was al die jare van worsteling, van ontbering in die eensaamheid en al die jare waarin hy soveel gevare van die oerwoud trotseer het, vergeefs? Hy trek sy asem diep in. Nooit sal hy iets aan hulle verklap nie. Krampagtig klou hy die papier vas waarop die roete geteken is. Sy klein ogies rek groter.

# Hoofstuk 2
# ’N PYL UIT DIE DONKER

Die forsgeboude man kyk hom aan met oë wat op skrefies trek. Hy sien die vrees in die toiingrige Verhoef. Hy hoor die geritsel van die kaart in die sak van die kluisenaar. En dan weet hy dadelik. Sy oë is gretig gerig op die hand in die man se sak, waar ’n geheim moontlik verborge lê.

Skrikbevange wil Paul Verhoef by die deur uitvlug. Hy werp ’n wanhoopsblik na Pieter Beukes, wat egter beweginloos bly staan.

“Dit is pure bog, daar is geen verlore stad nie. Daar is nie so iets nie,” bulder Paul Verhoef beangs en senuweeagtig uit.

Hy storm by die deur uit en vlug oor die nou straatjie met die snelheid van ’n wildsbok.

Die forsgeboude man met die wrede oë wend hom vinnig tot die ander drie persone, wat intussen ook hulle glase neergesit het.

“Hy weet baie, Baum,” piep die Duitse Jood. “Hy sou nie so verskrik uitgesnel het as daar geen verlore stad is nie. Hy bly al nege jaar in die bosse.”

Die groot vuiste van Baum kom donderend op die tafel neer.

“Ons moet hom vang, kêrels. Hy het iets in sy sak wat hy van ons verborge wil hou.”

Sonder om sy glas klaar te ledig, spat hy by die deur uit, gevolg deur twee mans. Die een lank en skraal, met ’n hangsnor en die ander een ’n bonkig geboude buksie. Die verpotte winkelier begin glimlag en lig sy arm om sy bier weg te sluk. Hy kyk na die plek waar die gespierde Pieter Beukes nog gestaan het. Hy is ook weg.

Buite spring die drie mans in ’n Ford-motor. In ’n oogwenk is die masjien aan die gang. Die skerp kopligte deurpriem die duisternis. Vierhonderd tree voor hulle in die skaduwees van

die paar geboutjies, snel 'n vodderige figuur voort. Sy toiings wapper in die wind. Hy kyk telkens haastig om. Toe die motorligte op hom skyn, kom daar 'n wilde ontembare vrees in sy oë. Die eerste bome om die dorp is nog sowat honderd tree voor hom. Met 'n verbasende snelheid vir so 'n bejaarde, pyl hy op 'n groot maroelaboom af.
Die skerp ligte kom onverbiddelik nader. Verhoef weet instinkmatig dat dit agtervolgers is. Verhoef swenk skerp links. Hy sal dit nie maak nie. Die remme skree agter hom en twee gedaantes spring uit die motor. Die motor skiet weer vorentoe, gooi 'n wye draai en probeer hom van die bosse afsny. Die twee figure agter hom se voete geklap kom vinnig nader. Hulle haal hom vinnig in.
Die kluisenaar swenk weer skielik regs om die motor voor hom te vermy. Maar die twee agter hom is nou byna 'n armlengte van hom af. Hy gooi 'n klomp draaie, maar verniet. 'n Skoot knal in die donker duisternis. Dit is Baum wat die motor nou tot stilstand gebring het en na die vlugtende figuur skiet. Met 'n laaste kragsinspanning probeer die vodderige ou man die bome haal. Daar kan hy miskien van sy agtervolgers ontsnap.
Hy is digby 'n paar doringbome aan die kant van die woud. Hy maak hom klaar gereed om tussen die bome weg te duik. As hulle die dokument wil hê, kan hulle hom dood daar uithaal, maar dan sal die kaart reeds verbrand wees.
Voor hom uit die donker kom daar skielik 'n gegrom, die waarskuwende gebrul van 'n tier! Paul Verhoef ken dit maar daar is ook iets eienaardigs in die gegrom. Hardloop hy nou reg in die bek van 'n tier vas?
Die twee agtervolgers beweeg nou stadiger. Hulle het ook die gegrom gehoor. Albei het dadelik hulle rewolwers te voorskyn gehaal.

“Staan of ons skiet, kluisenaar,” bulder hulle.

Verhoef is by die plaat bome. Daar is ’n nou opening. Hy bars daardeur. Hy sien ’n swart gedaante voor hom. ’n Arm blits vooruit en omklem sy mond. Sy gil klink gedemp op. Hy hoor weer ’n gegrom. Koeëls fluit om hom. Die motorligte kom nader en die drie mans buite skree deurmekaar.

Die kluisenaar is flou van vrees. Hier in die donker van die plaat haak-en-steek, het iemand hom vasgegryp en dra-sleep hom nou dieper die oerwoud in. Hy spartel magteloos in die vreemde ding se greep. Sy eerste gedagte is dat dit ’n gorilla is.

’n Stem praat in sy oor.

“Moenie spartel nie. Moenie jou teensit nie. Jy sal net seerkry. Ek sal jou mond los. Ek bevry jou net van jou agtervolgers.”

Die stem praat in Afrikaans, die taal van Verhoef se Afrikaanse moeder. Hy voel hoe die bloed sy kop verlaat. Die greep om sy mond verslap. Dit voel vir hom of sy lippe in ’n draaiskroef was. Hy probeer iets herken van die figuur wat hom nog altyd voortsleep. Hy sien net ’n swart gedaante.

Die skote knal nog altyd agter hulle. Sy agtervolgers is nie van plan om gou moed op te gee nie. Die motorligte swaai heen en weer. Die lig sypel tussen die blare deur. Dit verlig sy gesig... die afskrikwekkende gesig van ’n luiperd, ’n swart luiperd, ’n mensluiperd! Verhoef word slap in die hande van die swart ding. Hy is nou vaagweg bewus van ’n tou wat om sy middel gebind word. Dan word hy in ’n bondel op die grond neergegooi.

En toe word sy liggaam omhoog gehys. Hoër en hoër gaan hy. Hy hang halfpad tussen hemel en aarde. Hy voel ’n dik tak teen sy rug aandruk. Hy maak sy oë oop. Onder hom staan ’n swart gedaante met die onderlyf van ’n mens en die

kop van ’n luiperd. Die vrees het hom seker aangetas. Dit is ’n beeld uit sy koorsig-senuweeagtige brein. Hy sien die ding se arm onder hom swaai. Die ander end van die tou swiep om ’n volgende tak. ’n Arm vang weer die punt van die tou en die ding trek sy eie liggaam daarmee tot op die ander tak.

Weldra word Verhoef ook opgelig. Hy voel die gespierde arms om sy middel. Hy kom in ’n sittende posisie op die dik tak.

“Wie is jy?” vra hy flou.

Maar nou kom die stemme vinnig nader. Sy drie aanvallers het die bosse ook intussen binne gedring.

Die breedgeskouerde Baum loop voor. Hy het ’n geweer in gereedheid. Die ander twee volg kort op sy hakke met rewolwers in hul hande.

Die swart ding wat Verhoef gered het, spring die bosse weer binne, ligvoets soos ’n kat. Hy swaai hom op ’n dik tak. Die drie manne staan in die plaat doringbos, geen vyftien tree van hom af nie. Hulle staan in die helder ligte van hulle motor wat hulle tot digby die bosse getrek het. Hy kyk op hulle af.

“Verdeksels nou het ons net hierdie strokie lig. Hoekom het een van julle nie aan ’n flits gedink nie?”

Met wyd gesperde oë luister die ander twee agter hom.

“Maar Meester, wat ek nie kan verstaan nie, is hoe die deksel het die man so spoorloos verdwyn? Die tier kon hom tog nie gevang het nie. Hier is dan geen sleepsel nie.”

“Ja, dit is onverstaanbaar. Maar as hy nog lewe sal ons hom kry. So seker as twee maal twee vier is. Ek het nie verniet my snuffelaars saamgebring nie. My Gurkas en my honde sal hom gou uitsnuffel.”

“Kom ons draai terug, Meester! Ek dink ek het weer ’n luiperd of ’n ding hoor grom.”

Hulle gaan al drie staan en luister aandagtig. Die swart figuur in die boom hou hulle dop. Sy hand gly soos blits na sy linkersy. In die nag kan ’n boog vaag onderskei word. Uit sy groot oop bek kom die gegrom van ’n luiperd, holklinkend, diep uit sy buik, gedemp en skrikaanjaend.
Die drie manne in die ligkol verstyf. ’n Rewolwerkoeël fluit in die rigting van die geluid. Verder af in die bosse stoot ’n maanhaarleeu rammelend sy gebrul uit en die byna menslike stem van ’n nag arend klink bloedstollend tussen die bosse omhoog.
Iets swiep by hulle verby en steek bewend in die boomstam net agter hulle vas. Al drie koes te laat en dan swaai hulle om. Die langer figuur se oë rek groot.
“Hemel, Meester, Boesmans of dwerg-negers! Kom ons trap!”
Sy lang gestalte buk vinnig onder ’n oorhangende tak in. Baum gryp hom egter vas.
“Hou kop, Spies! Kyk daar is ’n stuk papier aan die pylpunt vas. Satz, kry dit asseblief.”
Gespanne gluur Baum in die rigting van waaruit die pyl so pas gekom het. Sy geweer is teen sy skouer.
Satz, die kort geboude een met bulterige voorarms, vroetel senuweeagtig om die papier uit die pylsteel te haal. Die tropiese nag is warm. Die sweet pêrel op al drie se voorhoofde uit. Hulle helms is ver agter op hulle koppe gedruk.
Satz kom nader en sy gesig word bleek soos was.
“Dit is ’n briefie, Meester,” spreek hy Baum toe. “Hier staan iets... ja, dit lyk soos modderskrif. En onderaan is ’n swart merk, ook met modder geskryf. Ja, dit lyk op ’n druppel water soos die klou van ’n luiperd.”
“Lees man, lees! Wat staan daar? Of kan jy nie lees nie?”

Baum se oë is nog in die rigting van die figuur in die mik van die boom gerig, maar hy kan hom nie sien nie.
Satz lees.
"Bly asseblief hier weg as julle julle lewens lief het. Julle sal nooit die skatte lewendig bereik nie."
Daar is 'n rukkie stilte.
"En onderaan die briefie, is die klou van 'n luiperd geteken, soos ek reeds gesê het en verder die woorde. "Die Swart Luiperd."
Baum ruk die briefie vinnig uit sy hande en lees dit self.
"Nogal in Afrikaans geskryf! Hoe op aarde weet hy dat ons die taal kan praat? As dit nou nog in Swahili of Engels of Duits was!"
Hy skud sy kop.
"In Afrika is daar nie swart luiperds nie. Satz! Spies! Dit is iemand wat self agter die skatte aan is, waarskynlik handlangers van die kluisenaar, wat hom reeds in hul mag het. Spies, draf terug motor toe en draai die motor dat hy die ligte in daardie rigting, werp. Ek hoor 'n beroering in die bome daar voor êrens."
Spies gehoorsaam.
"Moenie soos 'n lafhartige sluiper in die nag skuil nie, Swart Luiperd. Toon jouself aan ons!"
Die eggo's van sy stem weerklink deur die hoë bome.
Daar kom geen antwoord nie. Net 'n geritsel. Satz rig sy rewolwer op die geraas in die bome en trek af, maar die volgende oomblik fluit 'n pyl uit die duisternis op hom af. Sy helm word netjies van sy kop af gelig.
"Net om te wys dat ek raker kan skiet as ek wil," sê 'n stem soos een wat in 'n blikkerige luidspreker praat, aan die twee mans.

’n Skoot uit die geweer van Baum skeur deur die bosse. Dit klap êrens teen ’n boomstam vas.
Die hol stem lag uit die duisternis.
Op daardie oomblik swaai die ligte van die motor in die rigting van die stem.
Vir ’n vlietende oomblik sien Baum en Satz die swart figuur wat blitssnel uit die boom gly en in die swartheid van die nag en bosse verdwyn. ’n Skoot knal links oor die vlugtende Swart Luiperd se kop.
“Het jy gesien wat ek gesien het?” vra Baum oorbluf en merkbaar senuweeagtig.
“So by my gedoriewaar, Meester, ’n Swart Luiperd! Met die liggaam van ’n mens.
Ons kan tog niks hier in die donker uitvoer nie, Meester. Laat ons trap. Ons kan môre aan die werk spring.”
Die motorligte swaai weer in hulle rigting. Nou is hulle duidelik sigbaar tussen die bosse.
Baum weifel.
Skielik swaai hy haastig om. Voor hom in die lig van die motor, dieper die bosse in, staar vier gloeiende oë hom aan. Hy bring sy geweer vinnig na sy skouer. Hy sien die gespikkelde vel van twee luiperds. Sonder ’n geluid kom hulle nader.
Satz sien dit ook en met ’n waarskuwende gil, gryp hy na die arm van Baum. Op daardie oomblik knal Baum se geweer. Die koeël ploeg die aarde voor een van die luiperds los.
“Vervlaks, Satz, hoekom stamp jy aan my!”
“Per ongeluk, Meester,” hyg Satz, skrikbevange. “Ek was onder die indruk dat jy nie gesien het nie.”
Die twee luiperds het met kwispelende sterte stil gaan staan en toe hoor albei weer daardie stem... die basserige, hol stem asof dit opklink uit ’n leë kamer.